

70e AKV se nuwe teologie?

Die eerste twee dae van die 70e AKV van die NHKA (AKV) was beplan en aangebied as 'n saam dink en saam praat geleentheid oor kerkwees. Verskeie persone het die geleentheid vergelyk met die Colloquium van 'n paar jaar gelede, maar hierdie keer net met afgevaardigdes wat hul nuutgevonde "kennis" kon toepas in die besluite wat die volgende drie dae geneem sou word. Soos dit hoort was die eerste aanbieding 'n teologiese een, dit kan nie anders nie, die Kerk se selfverstaan moet teologies fundeerd wees. Die feit dat die stukke bespreek en aanvaar is, beteken dat ons kan aanvaar dat dit die teologie van die NHKA verteenwoordig. Kom ons gaan kyk na hierdie teologie. Slegs die eerste reaksie is nie op die aanbieding van dr DJC van Wyk (jr) nie.

Uit die studiestuk: *E van Eck – "Teologie is om wetenskaplik na te dink oor God en oor God se verhouding met die skepping en die mens. Wetenskap het grense. Geloof is meer as wetenskap. Dit het nie grense nie."*

Reaksie: Dit is veral die eerste sin wat opval en verskraal. Teologie is 'n menslike aktiwiteit wat reeds vir eeue bedryf word. Ons praat byvoorbeeld van die teologie van Paulus. Die sogenaamde wetenskaplikheid van teologie is 'n redelik nuwe ontwikkeling, selfs in die universiteitswese. Teologie was nog altyd die (akademies) (self) gedissiplineerde omgaan met die Skrif. Teologie is baie meer as wetenskaplikheid.

Die verwysing na wetenskap wat grense het, moet ook net van die ander kant beskou word. Deur te stel dat teologie wetenskap is, word gewone lidmate uitgesluit van teologie bedryf en beland ons terug in die middeleeue waar die teologie in die hande van die priesters was. Die nuwe priesters is nou skynbaar net die mense wat aan die universiteit teologiese wetenskap bedryf en dan vir die leke sê wat hulle mag glo. Ons handhaaf die oortuiging dat teologie baie meer as dit is, en dat elke gelowige teologie moet beoefen. Op die NHKA se *facebook* is daar byvoorbeeld vele verwysings na die

leke en hul onkunde. Nou vir uittreksels uit die studiestuk van dr van Wyk.

Uit die studiestuk: "3. *Wie is God volgens Jesus?* 4. *Wie is God volgens die vroeë kerk?*"

Reaksie: Reeds hierdie onderskeid dui op 'n teologiese verskuiwing wat uitgewys moet word. Tradisioneel was die onderskeid gewees tussen die evangelies se verstaan teenoor die briewe se verstaan. Hierdie nuwe onderskeid groepeer al die (vermeende/ self-gekonstrueerde) Jesus-uitsprake saam en kyk daarna na die uitsprake van die vroeë kerk (wat stukke in die evangelies en die briewe insluit). Hierdie benadering is die gevolg van die sogenaamde soeke na die "historiese Jesus". Die *Westar institute* en die *Jesus seminar* het skynbaar ook 'n groot impak op die NHKA teoloë gehad (<http://www.westarinstitute.org/>). In hierdie navorsing is daar 'n paar belangrike merkers om van kennis te neem, waaronder opmerklik die uitsluit van enige wondervertellings en verwysings na 'n opstanding. Die kerk het in die vroeë eeu oor hierdie saak geworstel en reeds by Chalcedon riglyne gegee oor die ortodokse (kerklik korrekte) manier om oor Jesus na te dink. Die opstanding maak dat ons nie anders kan dink aan Jesus nie as om te vertrek van sy twee nature (ware God en ware mens). Die vroeë vaders het by Chalcedon gestel dat ons sekere beginsels aangaande Jesus se twee nature moet handhaaf, naamlik; hierdie twee nature bestaan sonder vermenging, sonder verandering, sonder verdeeldheid en sonder verdeling. Dit beteken dat ons nooit kan dink "Jesus" sonder om ook te dink "Christus" nie. Die "wetenskaplike" denke laat geen ruimte vir die bo-natuurlike nie en daarom word daar anders oor Jesus gedink as vanuit die riglyne wat Chalcedon reeds in die 4e eeu gestel het.

Skietlood sê: Wetenskap oorskry grense en wil aan geloof voorskryf en geloof ondergrawe.

Uit die studiestuk: “Jesus se begrip van God word gedefinieer deur die metafoor van God as Vader. Jesus het deur sy prediking inhoud gegee aan 'n toekomstige koninkryk waar God as Vader sal regeer en waarin mense binne hierdie koninkryk in absolute afhanklikheid van God sal leef.”

Reaksie: Hier is daar weer 'n verskraling wat 'n vooroordeel verrai. Jesus se eerste verhouding met God is die van Vader-Seun (oa Filippense 2). Dit is primêr (binne twee nature) daarom **nie 'n metafoor nie**, maar aanduiding van 'n reeds pre-eksistente (voor bestaan) verhouding. Jesus is nie 'n vaderlose figuur wat God as metaforiese vader ervaar nie. Jesus se begrip van God word mede bepaal deur Sy selfverstaan. Dit is daarom jammer dat hierdie feit nie verreken word nie.

Skietlood sê: 'n Vreemde teologie wat nie rekening hou met die ware wese van Jesus Christus nie.

Uit die studiestuk: “Jesus se verstaan van God as Vader het ook daarmee te doen dat Hy God só verstaan het dat God se liefde en barmhartigheid vir alle mense is. Hy bemoei Hom op 'n besondere wyse met mense wat deur die samelewing onder die indruk gebring is dat God nie in hulle belangstel nie, dat God hulle nie sal aanvaar nie, dat God nie by hulle teenwoordig is nie. Daarmee wil Hy sigbaar toon dat God se liefde en trou menslike grense oorbrug.”

Reaksie: Hierdie is 'n napraat van die “inklusiwiteit-tema” wat so deur die UP teologie fakulteit verkondig word. Die evangelie is natuurlik vir alle mense maar dit is nie net die tema van God as Vader wat hierdie evangelie as God se genade en liefde aandui nie. Die Christologie lei ons daartoe dat ons Jesus se kruisdood so moet verstaan dat Hy vir almal se sondes geboet het. Jesus se selfverstaan en optrede dra met ander woorde ook iets oor van die wese van God.

Die verwysing; “besondere wyse” is baie belangrik. Met hierdie verwysing kry dr van Wyk dit reg om **Belhar** (4. *Ons glo dat God Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring; dat Hy in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is en*

dat Hy sy kerk roep om Hom hierin na te volg;) en bevrydingsteologie (God is aan die kant van die onderdrukte) eie te maak aan die nuwe teologie van die NHKA. Hierdie benadering is in lyn met 54/69 (wat die AKV nie wou herroep nie) en bevestig dus vermoedens dat die Kerk nou ver gevorder is op die pad van die ekumeniese bevrydingsteologie.

Skietlood sê: Dit is skynbaar nie net die Fakulteit wat hierdie nuwe teologie voorstaan nie, maar die hele Kerk.

Uit die studiestuk: “Daar was basies twee onafhanklike teologiese tradisielyne onder die groepe volgelingen van Jesus na Pase. Die eerste word genoem die groepe wat die Jesus-tradisie laat voortleef het (byvoorbeeld die Q-gemeenskap en die Tomas-gemeenskap). Hulle het nie in Jesus se opstanding geglo of Hom as die Christus of as God bely nie. Hulle lewer die woorde van Jesus oor en dit vind neerslag in byvoorbeeld die hipotetiese Q-bron en die Tomas-evangelie.”

Reaksie: Die NHKA kies vir die **vrysinnige** Bultmann teologie. Daar is geen bewyse vir die bewering dat daar 'n gemeenskap was wat die Jesus-tradisie laat voortleef het nie. Die Bybel stel wel dat daar diegene was wat nie geglo het nie en diegene wat getwyfel het. Daar is beslis **geen bewyse** vir die Q-gemeenskap nie. Q is die naam van 'n **hipotetiese bron** wat geskep is in die 19e eeu. Dit was gedoen om 'n verklaring te kan gee vir die gedeeltes van Matteus en Lukas wat met mekaar ooreenstem, maar nie in Markus terug te vind is nie. Eta Linneman het lank reeds studies gepubliseer wat hierdie ooreenstemmings analiseer en haar gevolgtrekking is dat Q nie nodig is nie. Q was aanvanklik net 'n teoretiese bron, maar later het die mense die Q teks hipoteties opgestel en nog later sommer die Q-gemeenskap op gedagdream en selfs verskillende lae van Q1 tot Q3 opgetower. Net om dit duidelik te stel waar Q vandaan kom: Die onstaansvolgorde van die hipotetiese Q-bron is; ooreenstemming tussen evangelies – teorie met denkbeeldige bron om ooreenstemmings te verklaar – teoretiese Q – lugkasteel Q teks - teoretiese Q-gemeenskap.

Die Tomas evangelie word deur verskeie geleerdes gedateer as (vroegste datum) 150nC. Die Koptiese vertaling was herontdek by die Nag Hammadi geskryfte (Ἰωάννης ὁ Χρυσόστομος het reeds uit Tomas in die Grieks aangehaal). Die gemeenskap wie se geskryfte daar gevind is, was 'n gnostiese gemeenskap (gnostiek beteken om 'n spesiale geheime kennis te besit). Al is daar tekens van 'n stryd met die gnostiek vanuit die Griekse gemeenskap, was dit eers in die 2e eeu wat ons van Christelike gnostiese gemeenskappe leer. Histories lyk dit nie regverdigbaar om die Tomas gemeenskap reeds in die eerste 40 jaar van die eerste eeu te dateer nie. Dit is skynbaar 'n **vooronderstelling wat as feit gestel word** deur diegene wat die sogenaamde *logia* tekste vroeg wil dateer.

Skietlood sê: Die poging om Jesus se woorde (los van die Christus woorde) as eerste oorsprong te stel, stuit voor ernstige vrae, en dui op 'n **vreemde teologiese rigting deur die NHKA.**

Uit die studiestuk: *“Op grond van hulle geloof in die opstanding, bely hulle Jesus as die Christus en later as God.”*

Reaksie: Hierdie is 'n gevaarlike stelling om te maak en is **gebou op evolusionêre denke oor geloof**. Dit hou nie rekening met die openbaring as God se handeling nie en is nie histories korrek nie. Reeds op die opstandingsdag het hulle gesê: “Jesus Kurios – Jesus is HERE”. Hulle belydenis dat Jesus Here is beteken dat hulle vanaf die oomblik van die ontmoeting met die verre Heer besef het dat Hy God is.

Skietlood sê: Die **nuwe teologie** is eintlik al 'n ou kettery wat al laat in die 3e eeu cC deur Arius verkondig is. (Arianisme ontken die volle Godheid van Jesus)

Uit die studiestuk: *“Terselfdertyd was 'n nuwe Godsbegrip waarin nie alleen Jahwe as die God van die Ou Testament as God bely is nie, maar waarin ook Jesus as God bely word, die stimulus vir die groei in Godsbegrip na die verstaan van God as 'n drie-eenheid tydens die Konsilie van Nicea in 325 nC.”*

Reaksie: Hierdie stelling skep die illusie dat die trinitariese verstaan van God die produk van 4e eeuse Christelike denke is. Die dogmengeskiedenis vertel ons dat dit anders

werk. Dit wat in die Skrif (God se selfopenbaring) teenwoordig is, moes net telkens verwoord word in die lig van nuwe vrae en uitdagings. Anders gestel, Die Bybel verkondig God as Vader, Seun en Heilige Gees. Nicea verwoord die Drie-Eenheid in belydenisvorm. Die opdrag in Matteus 28:19 vind daarom ook neerslag in die manier waarop die gelowige die eerste doopformules saamgestel het, naamlik trinitaries.

Skietlood sê: Die beweeg van gelowige na slegs dissipel in Jesus se voetspore word op verskillende maniere vergemaklik. Die laat datering van die triniteitsleer vergemaklik 'n “terug beweeg na Jesus” moralisme.

Skietlood finaal: Dit is duidelik dat daar 'n merkbare verskuiwing is in die teologiese denke van die NHKA. Daar sal diegene wees wie se verweer dit kan wees dat hulle nie so dink nie. Waar is hulle insette?

Dit moet beklemtoon word dat die aanbieder van hierdie teologiese perspektief die voorsitter was wat die 2011 BAKV aangemoedig het om te stem dat daar geen dwaalleer in die NHKA teenwoordig is nie.

Hierdie gedagtes het die basis gevorm vir verdere denke.

Bevrydingsteologie? Belhar? Oordeel maar self.